**Die dier uit die aarde as vals profeet (OP8)**

**Openbaring 13:11-18**

**6 September 2020**

1. Die dier uit die aarde
    a. Lam met twee horings (vers 11) – minder vreesaanjaend as die draak of die dier uit die see
    b. Praat soos 'n draak (vers 11). Hy is die vals profeet (Op 16:13, 19:20) wat vals en godslaterlik leer (vgl Mat 7:15)
    c. Oefen gesag uit van die dier uit die see (en dus die draak), en <u>maak</u> dat hulle die dier uit die see aanbid (vers 12)
    d. Hy doen groot wonders met die doel om te <u>mislei</u> (vers 13):
        i. Vgl met Elia wat vuur uit hemel afbid (1 Kon 18)
        ii. Vgl met Moses (Eks 4 en 5)
        iii. Vgl met twee getuies (Op 11:6)
        iv. Vgl met wat Jesus geleer het (Mark 13:22-23)
        v. Vgl met wat Paulus geleer het (2 Tess 2:9-11)
    e. Hy laat ook beeld vir die dier uit die see bou, blaas asem daarin, en maak die dood wat dit nie aanbid nie (vers 14-15, vgl Gen 2:7, 2 Tim 3:16)
    f. Teikengroep: alle mense uit alle vlakke van die mensdom (vers 16)
    g. Merk die wat aan hom behoort met die naam van die dier
        i. Vgl met God se seël (Op 7:2-3, Eks 13:9, Deut 6:6-9)
        ii. Merk van dier = naam van die dier = getal van die dier = mens se getal = 666
        iii. 7 is volheidsgetal, mens is op 6de dag geskep, 6 is amper 7, maar 6 is nie 7 nie
        iv. Goddelike Drie-Eenheid = 777, godslasterende drie-eenheid = 666
2. Vergelyking van dier uit die aarde met die Heilige Gees

| **Die Heilige Gees** | **Dier uit die aarde, vals profeet** |
|---|---|
| Oefen gesag uit van Christus (Joh 16:13, 14) | Oefen gesag uit van dier uit die see (Op 13:12) |
| Bewerk geloof in Christus (Joh 16:7-8, 1 Joh 2:26-27, Eseg 36:26-27) | Bewerk geloof in dier uit die see (Op 13:12) |
| Heilige Gees werk met Jode en nie-Jode uit alle volke, stamme, tale en nasies (bv. Hand 10:44-47) | Hy teiken all mense: groot en klein, ryk en arm, vryes en slawe (Op 13:16) |
| Wonderwerke (tale, tonge van vuur, geluid van stormwind) (Hand 2:1-11) | Wonderwerke (vuur uit hemel, wondertekens) (Op 13: 13,14) |
| Blaas asem in die mens, Woord (Gen 2:7, 2 Tim 3:16) – Godverheelikend en lewemakend | Blaas asem in beeld van dier uit die see sodat hy godslasterlik kan praat (Op 13:15) |

3. Implikasies vir ons
    a. Satanisme is werk van dier uit die aarde
    b. Buite georganiseerde godsdiens: Sunday Assembly – "godless congregation". Dieselfde beginsels kom op baie plekke voor
    c. Binne georganiseerd godsdiens: Dooie formalisme, ongegronde prediking, vreemde sakramente, sluimerende sekerheid in die hervorming